

ATKV-betrekings

ATKV-hoofkantoor

Retensiekonsultant

Die ATKV is 'n dinamiese en snelgroeiende Afrikaanse kultuurorganisasie en het 'n vakature vir 'n gekwalifiseerde persoon om as retensiekonsultant by die ATKV-hoofkantoor in Randburg diens te verrig.

Die retensiekonsultant is verantwoordelik daarvoor om ledenavrae en -klagtes op 'n bevoegde, doeltreffende en professionele wyse te hanteer, aan die hand van gehaltestandaarde en ooreenkomstig die ATKV se waardes.

Die ATKV volg 'n gelyke-indiensnemingsbeleid.

Vereistes

- 'n Matrieksertifikaat of ekwivalent.
- Moet bekend wees met IMIS of soortgelyke CRM.
- Moes al voorheen vir 'n minimum van twee jaar in 'n retensierol gewerk het.
- Moes al voorheen vir 'n minimum van twee jaar in 'n kontaksentrum gewerk het.
- Moes al voorheen dienste (en nie produkte nie) verkoop het.

Persoonlike vaardighede

- Verkope- en kliëntediensgeoriënteerd
- Kan inisiatief neem
- Is nie bang om ongemaklike gesprekke te hanteer nie
- Gehaltegeoriënteerd
- Entoesiasies
- Doen ekstra moeite
- Aanpasbaar
- Beskik oor 'n hoë strestoleransie
- Uitstekende probleemoplossingsvermoë
- Hoogs gemotiveerd
- Uitstekende onderhandelingsvermoë.

Vernaamste verantwoordelikhede

- Die hantering van baie moeilike oproepe.
- Om seker te maak dat lede deel van die ATKV-familie bly.

As jy graag hierdie pos wil beklee, stuur jou volledige CV aan:

ATKV-betrekings by betrekkings@atkv.org.za

ATKV, Posbus 4586, Randburg, 2125

Sluitingsdatum: **12 Augustus 2022 voor 12:00.**

Gebruik asseblief **HKRETENSIE02** as verwysing.

Indien jy vier weke ná die sluitingsdatum nog nie van die ATKV gehoor het nie, was jou aansoek onsuksesvol.



www.atkv.org.za



ATKVSA



ATKV_SA



@ATKVSA

